# Die laaste TAMBOTIEBOOM



**Rustenburg** – Die area rondom Bergsig was eens 'n pragtige Tambotie woud.

Die Tambotieboom, *spirostachys africana*, is 'n bladwisselende boom en kan tot 18m hoog word. Die kenmerke van die tambotie is 'n donkerbruin bas met krake wat rye reghoekige blokkies vorm. Sy jong takke is doringrig en sy blare word geel tot rooi in die herfs. Dit is ook van die min boomspesies wat in brakgrond geplant kan word.

Tambotie hout is een van die mees gesogte meubel houtsoorte ter wêreld en die kenmerkende reuk van die hout sal na 100 jaar steeds 'n sterk geur afgee as dit geskraap word. Sy melksap is egter baie giftig en glad nie geskik vir brand- of braaihout nie.

"Na jare se ontwikkeling het die bome een vir een begin verdwyn en het daar slegs een Tambotieboom in Rustenburg oorgebly," aldus Johan Schoeman van die Rustenburg Dendrologiese Vereniging.

Toe 'n nuwe ontwikkeling die laaste boom bedreig, het Johan dadelik ingegryp.

Hy het met die nuwe ontwikkelaars gaan onderhandel en op die ou einde van die dag hulle oorreed om die boom te beskerm. Die hek wat die boom moes vervang, is toe eerder verskuif na 'n ander gedeelte.

In 'n onderhoud met *Platinum Weekly* het Johan gesê: "As elke persoon net een goeie ding doen, kan ons die wêreld vir die beter verander. Elke klein gebaar maak die wêrelds se verskil. Ek kon net nie terugsit en kyk hoe hulle die laaste Tambotieboom, wat oor 400 jaar oud is, net uithaal om 'n hek in te sit nie."

# RHS ARBORETUM ONTVANG INTERNASIONALE AKKREDITASIE

**Rustenburg** – Hoërskool Rustenburg (RHS) is op 31 Januarie 1922 geopen en is geleë in die sentrale sakegebied op 'n 13ha stuk grond. Daar kom 'n groot verskeidenheid van inheemse natuurlike bome, aangeplante inheemse en uitheemse bome op die skoolgronde voor.

Die inheemse wildevyeboom is die sentrale tema van die skoolwapen. Net soos die wildevyeboom 'n ikoon van die savanna- of bosveldboom is, met sy wortels diep in die Suid-Afrikaanse grond geanker, só is die skool se tradisie, prestasies, verlede, hede en toekoms geanker in die gemeenskap van Rustenburg.

Die skool het, deur die jare, 'n reputasie en ryk geskiedenis opgebou en 'n bydrae gelewer om 'n inheemse flora diversiteit op skoolgronde te kweek en te bewaar vir opvoedkundige doeleindes, estetiese aansien en inspirasie. Die gedagte aan 'n Arboretum afgelei van Latyn *arbor* wat boom en *etum* wat verwys na 'n groep plante , dus 'n boompark is gedryf deur die behoefte om die mens se natuurlike ervarings in 'n al groter digitale wêreld te stimuleer met positiewe ervarings.

Naas Grové, in samewerking met die Dendrologiese Vereniging van Suid-Afrika, het 'n voorlegging aan die skool se beheerliggaam gemaak vir die ontwikkeling van 'n Arboretum by RHS. Hierdie voorstel is in 2018 goedgekeur en daarna is die proses begin om die arboretum te laat akkrediteer.

Op 7 Januarie vanjaar, is arboretum akkreditasie vlak I status aan RHS toegestaan deur ArbNet. ArbNet is 'n internasionale netwerk vir boomgerigte mense en fasiliteer 'n arboretum-akkreditasie program wat erkende bedryfstandaarde vestig ten einde die arboretumgemeenskap regoor die wêreld te verenig. Daar bestaan geen ander internasionale akkreditasie program wat spesifiek op arboreta gerig is nie. RHS is die eerste en enigste arboretum wat tot op hede hierdie erkenning in suidelike Afrika geniet.

Die doel van die arboretum is om die diversiteit van die Suid-Afrikaanse flora en die skool se unieke stedelike ligging aangrensend aan die Magaliesberg-biosfeer reservaat te erken en sodoende die natuurlike ervaring vir die hele gemeenskap positief te stimuleer, deur die daarstelling en ontwikkeling van die onder andere die volgende:

- Ontwikkeling van 'n reeks *nistuine* wat tipiese plantversamelings binne hul natuurlike habitats en plantgemeenskappe uitbeeld.
- 'n *Rustie Waardetuin* waarin die skool se waardes uitgebeeld en vergestalt word.
- Ontwikkeling van verskeie kleiner *uitstal- en/of vertoontuine* waar die blare, blomme, bas, tekstuur, seisoenale veranderinge en verskillende kenmerke tussen spesies uitgebeeld word. So 'n uitstal- of vertoontuin sal plante volgens familie of genus eerder as plantgemeenskappe kan vertoon.
- Ontwikkeling van verskeie *inheemse bosveldtuine* wat niks anders is as die nabootsing van die natuur nie. Dit kan geskep word in enige tuin, ongeag die grootte. Só 'n inheemse bosveldtuin kan byvoorbeeld bestaan uit 'n kombinasie van vinnige én stadiggroeiende bome en struike wat naby mekaar geplant word ten einde die natuurlike habitat van plante te simuleer.
- Ontwikkeling van 'n *Rustie-Leefstyl Program* vir skoliere, onderwysers en die Rustenburg gemeenskap, wat die boomspesies in die Arboretum omsluit.
  - Ontwikkel 'n basiese kwekery vir die kweek van bome en struike van saad en steggies.
  - Hervestiging van bedreigde plantspesies in die natuur.



Ficus Lutea – Reuseblaasvy.




Voorbeeld van benoeming van bome op die RHS-skoolgronde.